## RUSLAND EN DIE UITBREEK VAN DIE TWEEDE VRYHEIDS-OORLOG — III

Geen kampvegter van die Boere in hul vryheidstryd sou seker daaraan gedink het om Berlyn verby te steek en eers in St. Petersburg hulp te gaan soek om die Britse opmars in Suid-Afrika te stuit nie. Tog, as 'n mens die saak op die keper beskou, was die koloniale belange van Brittanje en Rusland op daardie tydstip nog meer onversoenlik as dié van Brittanje en Duitsland. Die Brit en die Duitser het wel op etlike aanrakingspunte, veral in Afrika, mekaar se toorn opgewek maar die Brit en die Rus het in verskeie wêrelddele kop-aan-kop botsings belewe. Soos voorheen aangetoon, was een hiervan die Middellandse See. Sedert die einde van die agtiende eeu het Brittanje al sy kragte ingespan om die weg na die Middellandse See via die Balkan of die see-engtes van die Bosporus en die Dardanelle vir Rusland gesluit te hou, sodat hy sy oppergesag in die Suezkanaal kon beveilig en die olie van die Nabye Ooste monopoliseer. Vir hierdie doel het hy o.m. van Turkye, wat beheer oor die Balkan gehad het, 'n bondgenoot gemaak.[1] In Sentraal-Asië het die Russe in die agtiende en neëntiende eeue stadig suidwaarts gebeur, dele van Persië verower en uiteindelik die Britse vlag in Indië bedreig. Hier het die Britte Afghanistan as 'n muur gebruik om de Russe te stuit.[2] Hulle het egter geen waarborg gehad dat die muur nie vroeër of later voor die Russiese aanslag sou wegkrummel nie. So bv. het die Oostenrykse minister van buitelandse sake die Britse gesant in Weenen in Februarie 1900 ernstig gewaarsku dat die Russiese troepesametrekkings in die omgewing van Afghanistan nie om dowe neute plaasgevind het nie.[3] In die volgende jaar het die internasionale politiek egter 'n koers ingeslaan wat daarop gedui het dat die Verre Ooste uiteindelik die toneel kon word waar St. Petersburg se eeue-oue maneuvers om Londen se Koloniale oppergesag te ondermyn aan 'n finale kragmeting onderwerp sou word.

Twee persone wat op die oog niks met mekaar in gemeen gehad het nie, het hulle albei daarvoor beywer om 'n Anglo-Japanse alliansie in die lewe te roep. Hulle was die keiser van Duitsland en die Japanse ambassadeur in Londen, baron Hayashi. Wilhelm II wou op daardie wyse verhinder dat Brittanje hom aan die kant van die Russe en Franse skaar, en Hayashi wou met so 'n gedugte kombinasie die Russe afskrik wat daarna gestrewe het om beheer te verkry oor sowel Mantsjoerye as Korea. Na maandelange onderhandelinge het Londen en Tokio hulle op 30 Januarie 1902 verbind om afsydig te bly as een van hulle met 'n derde moondheid in die Verre Ooste in botsing kom, en om mekaar by te staan as een van hulle teen twee vyandelike magte gelyktydig moet

1. Vgl. *Die Transvaler*, 9 Oktober 1956, Afdeling: Sake van die Dag; G. D. Scholtz: *Hoe die Wêreldpolitiek gevoer word*, pp. 344-347.
2. Vir 'n duidelike uiteensetting, sien Scholtz, *Hoe die Wêreldpolitiek gevoer word*, pp. 347-348.
3. B.D., I, nr. 310, Rumbold aan Salisbury, dd. 2-2-1900; nr. 302, Lascelles aan Salisbury, dd. 20-12-1899.

veg.[4] Dit was 'n duidelike poging om die Russiese opmars in China te stuit en die end van Britse isolasie. Hierdie bondgenootskap het by die Japanner soveel selfvertroue ingeboesem dat hy, indien die nood dit vereis, nie sou terugdeins om selfs die Russiese Beer aan die keel te gryp nie! Eduard VII het daarop aangedring dat Duitsland eerste moes verneem van die groot gebeurtenis. Op die dag na die sluiting van die verbond skrywe hy: „I think that there should be no loss of time in informing German government of the Anglo-Japanese Agreement or else they will learn it from some other source — secrecy being almost an impossibility. The Emperor will be much interested in hearing the news, as he has strongly recommended a close alliance between Great Britain and Japan".[5]

Dit sou natuurlik ewe nodeloos gewees het om die toenadering tussen die Britte en Japanners vir die Russe probeer geheim te hou. Hulle moes geruime tyd al vermoed het dat daar 'n slang in die gras was. Reeds in November van die vorige jaar het die markies van Ito, wat sy opvoeding in Engeland ontvang het, die leiding geneem het in verband met die opstel van die Japanse grondwet, en vierkeer eerste minister van Japan was, aangekondig dat hy Londen gaan besoek. Hoewel hy ander Europese hoofstede, o.a. dié van die Russe, ook aangedoen het en oral geesdriftig ontvang is, het veral die Britte van hom 'n groot ophef gemaak en Eduard VII aan hom die „G.C.B."[6] toegeken.[7] Dat hierdie vryasies die Russe dwars in die krop gesteek het, is begryplik. Noodwendig was die Anglo-Japanse vriendskap 'n faktor wat meegehelp het om die houding van Rusland t.o.v. die stryd tussen Boer en Brit te bepaal.

Bostaande uiteensetting van die betrekkinge tussen Londen en St. Petersburg werp lig op die vraag waarom daar gedurende die Tweede Vryheidsoorlog by die Russe nie die kruiperigheid teenoor Brittanje aangetref word wat so kenmerkend was van die amptelike Duitse optrede nie. Daar is bv. 'n opmerklike verskil tussen die gedrag van Nicolaas II, die tsaar van Rusland, en Wilhelm II teenoor die Britse ambassadeurs wat aan hul onderskeie howe geakkrediteer was. Met sir Frank Lascelles, wat in 1895 Britse ambassadeur in Berlyn geword het, het Wilhelm 'n intieme vriendskap opgebou. Hoe kwaai die maghebbers in Downingstraat ook soms onder die kneukels van die keiser moes deurloop, teenoor Lascelles het hy altyd hartlik gebly. Laasgenoemde het in November 1901 aan Von Bülow verklaar dat as hy ooit sy houvas op die Duitse vors moes verloor, hy sy goedjies maar kon oppak en huis-toe gaan, want dan het hy geen nut meer gedien as Eduard VII se ambassadeur in Berlyn nie. Die kanselier het hom egter verseker dat so 'n gevaar nie bestaan nie. Die keiser was gek na hom, „and would certainly not take offence at anything I might say although he might not agree with me".[8] Die posisie

---

4. B.D. Mem. Tilley, Afdeling China, 1900-1904; B.D. II, pp. 73 v.v.; Lee, *King Edward VII*, pp. 140-145.
5. Kanttekeninge deur Eduard VII, dd. 31-1-1902. (Aangehaal in Lee, II, p. 143).
6. „Grand Cross of the Order of the Bath."
7. Vgl. Lee, II, pp. 142-143.

van sir Charles Scott, die Britse ambassadeur in St. Petersburg, was anders. Daar bestaan geen getuienis dat hy 'n gunsteling aan die hof was nie. Scott het dan ook eerder by sy kollegas gevis na die houding van die tsaar met betrekking tot die oorlog in Suid-Afrika[9] as om die voorbeeld van Lascelles na te volg en voortdurend met die staatshoof persoonlik kontak te soek. Nicolaas was bereid om Scott 'n klap in die gesig te gee op 'n wyse wat Wilhelm hartverlamming sou laat kry. Op 9 Augustus 1901 sou die tsaar se suster, grootvorstin Olga, in die huwelik tree. Die hele diplomatieke korps in St. Petersburg is na die plegtigheid uitgenooi. F. A. van der Hoeven, die tweede gesantskapsekretaris van die Suid-Afrikaanse Republiek, wat van Russiese afkoms was,[10] sou die Transvaalse regering verteenwoordig. Scott, wat hiervan te hore gekom het, het die owerheid in St. Petersburg in kennis gestel dat hy nie die funksie sou bywoon as daar 'n verteenwoordiger van die Boererepublieke sou wees nie.[11] Sy houding het natuurlik verband gehou met die susereiniteitsvraagstuk,[12] en veral met Roberts se optrede wat op 1 September 1900 die Suid-Afrikaanse Republiek tot 'n Britse kolonie geproklameer het.[13] Die Tsaar het nie voor Scott se dreigement geswig nie. Van der Hoeven *het* op die bruilof verskyn en al die lede van die Britse gesantskap het weggebly.[14]

Nicolaas het nog 'n stap gedoen ten behoewe van die Boere wat nooit deur Wilhelm nagevolg sou word nie. In die begin van Junie 1901 skrywe hy aan Eduard VII 'n brief en smeek hom om die stryd teen die Republiekies te staak. Hy verwys na die Boere as 'n klein volkie wat wanhopig veg om hul vryheid te behou en beweer dat hul land verwoes, hul gesinne in kampe saamgehok en hul plase afgebrand word. „Of course in war such things have always happened and will happen," gaan hy voort, „but in this case, forgive the expression, it looks more like a war of extermination. So sad to think it is Christians fighting against each other!"[15] So 'n aanval op die voortstuwende Britse imperialisme in Suid-Afrika sou Wilhelm nooit waag nie, want dit sou in stryd wees met die onderneming van Duitsland ten tye van die sluiting van die Angolaverdrae.

Nog 'n skerper teenstelling het die gesindheid van die ministers van buitelandse sake van die twee moondhede by die aanvang van die oorlog geopenbaar. Soos aangetoon het Von Bülow alles in sy vermoë gedoen om die Britte te oortuig dat hy niks sou doen om hul stoomroller in Suid-

8. B.D., I, nr. 324, Lascelles aan Lansdowne, dd. 9-11-1901.
9. Vgl. bv. verslag van Scott aan Salisbury, dd. 19-3-1900. (B.D., I, nr. 317).
10. Leyds, *Korresp.*, IV, bylae B op p. 22. Sy moeder was uit die adelstand.
11. Ibid.
12. Vgl. Van der Walt, *Die Suid-Afrikaanse Republiek in die Britse buitelandse en koloniale Beleid*, 1881-1899, hfst. XIV.
13. Vgl. D. W. Kruger, *Die Tweede Vryheidsoorlog*, in *Van der Walt, Wiid en Geyer*: I, p. 584.
14. Leyds Korresp., IV, bylae B, p. 22 v.v.
15. Lee, II, p. 73-74, waar 'n Engelse vertaling van die brief dd. 4 Junie 1901 in sy volle lengte woordeliks gegee word.

Afrika te stuit nie. Mouravieff aan die anderkant het sy entoesiasme vir die Boeresaak nie verberg nie en die mees gehate Rus in amptelike Britse kringe geword, soos blyk uit die bitsige aanvalle op hom. Monson, die Britse ambassadeur in Parys, het met smaak aan Salisbury vertel dat Tornielli, sy Italiaanse kollega aldaar, Mouravieff bestempel het as „a very second-rate individual" en 'n persoon van „mediocre intelligence", wie se dom-astrantheid hom 'n gevaarlike persoon gemaak het.[16] 'n Besoek van Mouravieff aan Parys, kort nadat Boer en Brit mekaar aan die keel gegryp het, het van Rumbold, die Britse gesant in Weenen, die opmerking ontlok dat die Russiese minister in niks sóveel belanggestel het as in die afleiding en verleiding van die Franse hoofstad nie.[17]

Ten spyte van hul neerhalende opmerkings het die Britse gesante dit tog wenslik geag om sy bewegings haarfyn dop te hou want hulle was bevrees dat die anti-Britse houding van die Europese volke hom kon aanmoedig om 'n algemene koalisie teen Brittanje in die lewe te roep.[18] Veral sy besoeke aan Parys het die agterdog van Eduard se speurhonde opgewek aangesien dit heel natuurlik was dat hy die Tweevoudige Verbond as grondslag vir sy intriges sou gebruik. Van Scott en Monson was dus besondere waaksaamheid vereis. Die Fasjoda-krisis in 1898[19] het lg. al op sy hoede gestel want hy was oortuig dat dit nie om dowe neute was dat Mouravieff juis op daardie tydstip Parys besoek het nie.[20] Tornielli het Monson trouens gewaarsku dat die Rus by daardie geleentheid reeds probeer het om Delcassé, die Franse minister van buitelandse sake, te oorreed om Brittanje uit sy pad te stamp.[21] Scott se wantroue in Mouravieff blyk daaruit dat hy alles in sy vermoë gedoen het om 'n bespreking van die Suid-Afrikaanse krisis met hom te vermy, „regarding it as a matter in which Russia can have no direct interest . . . "[22] Hy wou dus voorgee asof die houding van die minister hom koud gelaat het, en wou nie vir hom 'n geleentheid skep om vir die Boeresaak 'n pleidooi te lewer nie. Tog het hy agter sy rug by die ander diplomate in St. Petersburg probeer inligting inwin omtrent sy doen en late.[23] Op 19 Maart 1900 berig hy aan Salisbury dat hy, ná Mouravieff se weeklikse ontvangs van die diplomate, verskeie van sy kollegas gepols het oor die planne wat die Rus in die mou gevoer het. Van hulle was die belangrikste die ambassadeurs van Oostenryk en die V.S.A.[24] Dit het geblyk dat Mouravieff gepleit het vir gelykluidende protesnotas van al die groot moondhede teen die Britse

16. B.D., I, nr. 286, Monson aan Salisbury, dd. 24-10-1899.
17. B.D., I, nr. 291, Rumbold aan Salisbury, dd. 3-11-1899.
18. B.D., I, nr. 317, Scott, die Britse gesant in St. Petersburg, aan Salisbury, dd. 19-3-1900.
19. Vir besonderhede in verband met hierdie voorval sien Van der Walt, *Die Suid-Afrikaanse Republiek in die Britse buitelandse en koloniale beleid*, 1881-1899, hfst. XIII.
20. B.D., I, nr. 286, Monson aan Salisbury, dd. 24-10-1899.
21. B.D., I, nr. 286, Monson aan Salisbury, dd. 24-10-1899.
22. B.D., I, nr. 317, Scott aan Salisbury, dd. 19-3-1900.
23. B.D., I, nr. 317, Scott aan Salisbury, dd. 19-3-1900.
24. B.D., I, nr. 317, Scott aan Salisbury, dd. 19-3-1900.

optrede in Suid-Afrika, maar dat hy so min aanmoediging ontvang het dat hy die gedagte moes laat vaar.[25] Oor protesnotas alleen sou die Britte hulle seker nie veel bekommer het nie. Hulle het egter oor inligting beskik dat hy *daadwerklike* stappe wou doen om Brittanje 'n opstopper te gee, en selfs die kleinere Europese moondhede in so 'n stryd wou betrek. Tydens 'n besoek aan Spanje op pad na Frankryk in Oktober 1899 het Mouravieff in San Sebastian 'n onderhoud gehad met Senor Silvela, die Spaanse minister van buitelandse sake. Silvela het die Oostenrykse saakgelastigde in Madrid meegedeel waaroor die gesprek gegaan het en lg. het op sy beurt verslag gedoen aan graaf Goluchowski, die Oostenrykse minister van buitelandse sake, 'n persoon wat geen liefde vir die Boere gekoester het nie.[26] Hy het dan ook sorg gedra dat Salisbury te hore gekom het van Mouravieff se anti-Britse bedrywighede in Spanje. Volgens Silvela het Mouravieff aan hom verklaar dat die tyd aangebreek het vir gesamentlike optrede teen die immer-toenemende aggressie en uitbreidingsdrang van Downingstraat. Mouravieff het alle hoop gehad dat Rusland, Frankryk en Duitsland gemene saak sou maak teen Brittanje, hoewel Frankryk miskien aanvanklik sou rem. Dit was egter in belang van Spanje dat hy sy lot by hulle sou ingooi. Hy kon dan beheer kry oor Gibraltar en Morocco, en Frankryk kon die Britte uit Noord-Afrika verdrywe.[27] Dit is begryplik dat opruiing soos hierdie die Britte sou ontstel op 'n tydstip toe hul kanonlope in Suid-Afrika nouliks geleentheid gehad het om behoorlik warm te word. Verskeie kenners van die Europese politiek het hulle egter gerusgestel dat Duitsland nie sou saamspeel nie. Goluchowski het Rumbold verseker „that Germany would certainly not commit herself to any joint action against us".[28] Tornielli het teenoor Monson opgemerk „that in his opinion there was no likelihood that Franco-Russian blandishments would be successful at Berlin".[29]

Die houding van Nicolaas en Mouravieff het die Boere en hul pleitbesorgers natuurlik aangemoedig om hul drumpel tydig en ontydig te betree ten einde hulle tot intervensie in die ongelyke stryd tussen Londen en Pretoria aan te spoor. Hierdie taak het in die eerste plek op die skouers van hul gesant in Europa gerus. Ten spyte van die grootste inspanning kon Leyds die Russe egter nie tot daadwerklike handeling beweeg nie.[30] Hoe moet ons dit nou verklaar?

Tot 'n sekere mate kan die Russiese laksheid toegeskrywe word aan die invloed van graaf Lamsdorff, wat in 1897 assistent onder-minister van buitelandse sake geword het, en op 8 Augustus 1900 die plek van Mouravieff ingeneem het.[31] Hoewel hy seker nie 'n besondere voorliefde vir die

25. B.D., I, nr. 317, Scott aan Salisbury, dd. 19-3-1900.
26. B.D., I, nr. 290, Rumbold aan Salisbury, dd. 3-11-1899; ook nr. 291.
27. B.D., I, nr. 287, Monson aan Salisbury, dd. 28-10-1899.
28. B.D., I, nr. 291, Rumbold aand Salisbury, dd. 3-11-1899.
29. B.D., I, nr. 286, Monson aan Salisbury, dd. 24-10-1899.
30. Leyds, *Korresp.*, IV, bylae B, afdelings I-IV.
31. Leyds, *Korresp.*, IV, Deel I, Eerste Band, Voorrede punt nr. 16; B.D., register van name.

Britte gehad het nie, was hy baie versigtig, en onwillig om terwille van die voortbestaan van twee klein republiekies in die suidelike halfrond 'n sprong te waag waarvan die implikasies nie te bereken was nie. Leyds beweer selfs dat Lamsdorff se oogmerk was „het elimineeren van den geheelen Boeren-factor" aan die Russiese hof.[32]

Een swaeltjie kan egter nie somer maak nie, en Lamsdorff alleen kon ook nie die Russiese volk,[33] pers[34] en owerheid stuit as hulle 'n bepaalde koers wou inslaan nie. Ons moet dus dieper delf om die rede te vind waarom die Beer met lede oë aanskou het hoe die Leeu die Suid-Afrikaanse bokkie verskeur het. Die geskiedenis van Duitsland en Italië in die tweede helfte van die neëntiende eeu het duidelik getoon dat 'n moondheid slegs sterk *na buite* kan optree as hy *inwendig* gesond is.[35] Hier het die knoop van Rusland gelê. Die ryk van die tsaars het in meer as een opsig op 'n brose fondament gerus. Ons noem enkele van die politieke, maatskaplike en ekonomiese faktore wat daartoe bygedra het: (1) Hoewel die rewolusie wat so 'n groot ommekeer teweeggebring het op alle lewensterreine in Rusland eers vroeg in die twintigste eeu plaasgevind het, en waarskynlik nog geruime tyd vertraag sou gewees het as dit nie was vir die swak militêre vertoning van die Russe in hul stryd teen die Japanese[36] en die Duitsers[37] nie, was daar voortdurend politieke woelinge in Rusland sedert die mislukte opstand van die Pole teen Russiese oorheersing in 1863, te wyte o.m. aan die botsing tussen die Nihiliste en tsaristiese absolutisme[38] en die onderdrukkende koloniale beleid soos weerspieël in die amptelike optrede teenoor die Finne[39]; (2) daar was vertraging in maatskaplike gelykstelling aangesien lyfeienskap eers in 1861 deur Alexander II afgeskaf is[40]; (3) wat industrialisasie betref, was daar 'n groot agterstand ten spyte van die ryk bodem, want eers in die negentigerjare is daar onder leiding van graaf Witte, wat in 1892 minister van finansies geword het, daadwerklik 'n poging aangewend om in hierdie opsig in die voetspore van die ander groot moondhede te volg, sowel as om die geldsake van die

32. Leyds, *Korresp.*, IV, Bylae B, afdeling III.
33. Die Russiese volk het die Boeresaak nie minder geesdriftig ondersteun as die ander Europese volke nie. (B.D., I, nr. 303).
34. Ook die Russiese pers het 'n agitasie ten gunste van die Boeresaak op tou gesit. (B.D., I, nr. 290).
35. Vgl. Rose, a.w., p. 27; Grant en Temperley, a.w., p. 227.
36. In die Russies-Japanse oorlog (1904-1905) het die Japanners die Russe 'n deeglike afranseling gegee. (Vgl. Scholtz, *Hoe die Wêreldpolitiek gevoer word*, p. 350).
37. In die aanvangsjaar van die Eerst Wêreldoorlog (1914-1918) het die Duitsers die Russe soos vlieë afgemaai. (Vgl. Grant en Temperley, a.w., pp. 395-397).
38. Vgl. Rose, a.w., pp. 289-316. 'n Geskiedskrywer het Nihilisme soos volg gedefinieer: „The fundamental principle of Nihilism was absolute individualism. It was the negation, in the name of individual liberty, of all the obligations imposed upon the individual by society, by family life, and by religion." (Stepniak in *Underground Russia*, aangehaal deur Rose op p. 294).
39. Vgl. Rose, a.w., pp. 307-314.
40. Ibid., p. 293. Hierdie tsaar is deur die Nihiliste vermoor in 1881. (Vgl. Rose, a.w., p. 297).

staat op 'n gesonde voet te plaas en die verkeersweë behoorlik te ontwikkel.[41]

Dit is baie belangrik om daarop te let dat die Britte terdeë bewus was van hierdie „inwendige verrotte toestand"[42] van die Russiese Ryk want dit het daartoe bygedra dat hulle heeltemal op hul gemak voortgegaan het om hul imperialistiese program in Suid-Afrika uit te voer, ongeag die gevaar dat die Russe hulle in die rug kon steek deur 'n skielike poging om die Union Jack uit Persië, Indië of China te verdrywe. In hierdie verband wil ons graag wys op die rol van die Switserse tydskrif *Bibliothéque Universelle*, die oudste tydskrif op die Europese vasteland.[43] Hoewel die blad dit as sy lewensroeping beskou het om die beleid van Londen deur dik en dun te verdedig, soos sy oorspronklike naam dan ook aandui, tw. *Bibliothéque Brittannique*, het dit terselfdertyd gepoog om Parys, Rome, Berlyn, St. Petersburg en ander hoofstede op hul regte plek te plaas in die internasionale politieke konstellasie. Sedert die aanvang van die Tweede Vryheidsoorlog het dit saam met die Franse blad, *Siécle*, as kampvegter van die Britte op die vasteland opgetree.[44] In die uitgawe van Maart 1900 gaan Tallichet, die redakteur, in op die vraag of daar 'n moontlikheid bestaan dat een of ander van Brittanje se koloniale mededingers die Boere sal bystaan. Sy artikel is uit Frans vertaal deur eerw. St. John, die onder-dekaan van Gloucester, en dwarsdeur Brittanje versprei.[45] Daarin laat Tallichet hom soos volg uit t.o.v. die gevaar van Russiese intervensie in Suid-Afrika: „Now Russia who could carry France along with her, would not care to meddle. Her sovereign, Nicolas II, was the instigator of the Congress which lately met at the Hague to discover means for securing a continuance of peace. Since he took the initiative, one may be sure that he did it, first and foremost, from a philanthropic motive. But, over and above this, *it is very evident that peace is of the greatest consequence to the interests of Russia.* She has extended her borders immeasurably, *and she continues to spread her tentacles towards every quarter where she can hope to make some seizure. This is a cause of weakness, and not the only one. There are, besides, the lack of money for her immense undertakings, the famines which have become endemic, attacking one province after another in her European possessions, which are becoming depopulated and remain in the deepest poverty.* Moreover, her experience gathered in the Crimean War has not been without fruit. So long as she remains quiet, she exercises upon general politics, by her very magnitude and by the mysterious power which springs from it, an influence far exceeding her real strength. As soon as

41. Vgl. Grant en Temperley, a.w., p. 346; Scholtz, *Hoe die Wêreldpolitiek gevoer word*, p. 354.
42. So kenskets Scholtz Rusland van binne. (Vgl. *Hoe die Wêreldpolitiek gevoer word*, p. 350).
43. Dit het vir die eerste keer in 1796 in Genéve verskyn. In 1866 is die hoofkantoor na Lausanne verskuif. (Vgl. die vlugskrif, *Europe and the Transvaal*, Inleiding).
44. Vgl. Tallichet, *Europe and the Transvaal*, Inleiding.
45. Dit is slegs teen 'n trippens per eksemplaar verkoop sodat elke Brit die inhoud kon verorber. (Ibid.).

she enters into the lists this optical delusion disappears, as was manifested in her last war against Turkey.[46] Her 'prestige' was thereby diminished. Therefore she will not move for the sake of increasing the troubles of England which permit her now to reap many advantages without striking a blow. And besides, would there not be a cruel irony in the intervention of that very power, which has just torn away from unfortunate Finland the last fragments of its autonomy and national life?"[47] Ons wat daardie gebeure op 'n afstand van meer as 'n halwe eeu betrag, moet erken dat Tallichet hier die posisie waarin Rusland hom bevind het, oor die algemeen suiwer beoordeel.

Sir Charles Scott — en deur hom Downingstraat en die Britse volk — het in St. Petersburg gesien en gehoor hoe Leyds by die deur van die tsaar aanklop. Hulle het ook gesien dat hy binnegelaat word. Maar hulle het *alle* rede gehad om te vermoed dat hy met leë hande weggestuur sou word. Dit het hul taak om die Boere aan hul gesag te onderwerp veel vergemaklik.

Dr. H. R. van der Walt.

46. In 1877 het oorlog tussen Rusland en Turkye uitgebreek. Hoewel die Turke die onderspit gedelf het, het hulle die Russe verskeie neerlae toegedien. (Vgl. Rose, a.w., pp. 190-221).

47. Aangehaal uit *Europe and the Transvaal.*